



Koringfokus

VOL 38.2

MAART • APRIL 2020

Wheat focus

Kies cultivars uit LNR-evaluatie

**DIE ONBEKENDE FAKTOR IN
STAM- EN GEELROES**

DERBY™ 175 SC SPAN DIE KROON MET DIE BEHEER VAN BREËBLAARONKRUIDE IN KORING EN HAWER



GOUSBLOM
*Arctotheca
calendula*



**KIESIE-
BLAAR**
Malva parviflora



RAMENAS
*Raphanus
raphanistrum*



Derby™ 175 SC

ONKRUIDDODER

VIR MEER INLIGTING KONTAK DIE REGISTRASIEHOUER: Dow AgroSciences Suider-Afrika (Edms) Bpk | Reg. No 1967/007147/07 • Paarl 021 860 3620 • Centurion 012 683 5700 • **Plaaslike noodnommer:** +27 (0)82 895 0621 (Slegs SA) • **24-uur noodnommer:** +32 3 575 5555 • Maxwell Kantoorpark, Magwa-gebou, Grondvloer, Magwa singel, Waterfall City, Midrand, 1686, Suid-Afrika • corteva.co.za

GEbruik ALTYD VOLGENS AANBEVELINGS OP DIE ETIKET • Derby™ 175 SC bevat florasulam en flumetsulam (Versigtig) | Reg. No. L6781 | Wet No. 36 van 1947 • Derby™ is 'n geregistreerde handelsmerk van Dow AgroSciences LLC

Maak Derby™ die ruggraat van jou program vir die bestuur van probleemkruides soos gousblom en kiesieblaar.

 **CortevaZA** op Facebook

 **CortevaAME** op Twitter

 **@Corteva** op Instagram



Dow AgroSciences

Solutions for the Growing World

©™ Trademark of The Dow Chemical Company ("Dow") or an affiliated company of Dow



Koringfokus

Wheat focus

VOL 38.2

MARCH • APRIL 2020

VOORBLADFOTO:

2019 se finale koringoes het 1,5 miljoen ton beloop. Die nuwe seisoen het aangebreek en die Oesskattingskomitee maak op 29 April 2020 die plantvoornemens bekend.

REEDS 38 JAAR DIE ONAFHANKLIKE SPESIALIS-TYDSKRIF VIR DIE KLEINGRAANBEDRYF

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE FOR THE SMALL GRAIN INDUSTRY FOR THE PAST 38 YEARS

Koringfokus / Wheat Focus

verskyn ses keer per jaar en word in samewerking met die koringbedryf saamgestel, wat insluit: LNR-Kleingraan; SA Graaninligtingsdiens; SA Graanlaboratorium

Gratis beskikbaar aan bona fide-kleingraanprodusente



MEDIAKOM

Uitgewer en eienaar

Adres vir redaksionele kopie, advertensies en intekenare:

**Mediakom
Posbus 20250
Noordbrug
2552**

Tel: 018 293 0622

E-pos: info@mediakom.co.za
www.mediakomcc.co.za

REDAKTEUR: Willie Louw

ADVERTENSIES: Jana Greenall
011 476 3702 / 082 780 9914

UITLEG: Roelien van der Westhuizen

KOPIEREG EN STANDPUNTE

© Kopiereg / Copyright: Ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr 98 van 1978 en enige wysigings word alle regte voorbehou. Standpunte en aansprake in advertensies en artikels word nie noodwendig deur Mediakom Bk en enige medewerkers / deelnemende instansies onderskryf nie. Die uitgewer behou die reg om taalversorging te doen aan bydraes wat vir publikasie ingedien word.



AGRI-INFO

- 5 National cultivar evaluation meeting.
- 7 NOK se finle produksieskatting: Kleiner oeste van wintergraan en kanola word verweg.
- 17 Kanola presteer in droë seisoen.
- 19 Produsente hoef nie aan klimaat uitgelewer te wees nie.
- 24 Precision spreading with eyes that see what you do not see.
- 28 Ventersdorp farmer gets a birthday surprise.
- 28 Highly allergenic ragweed invades SA.



5

2019 Cultivar evaluation meeting



KLEINGRAAN

- 8 *Berberis* - 'n onbekende faktor in die stryd teen stam- en geelroes van koring.
- 12 Kultivar-evaluasie: Vrystaatse somerkoring.
- 20 Kultivar-evaluasie: Wes-Kaapse koring.



8

Geel- en stamroes



MARKET-INFO

- 27 Soveel produkte uit koring vervaardig.
- 30 SAGIS: Koring, gars, hawer en kanola se marksituasie.



17

Kanola presteer



DIRK LESCH VAN MALMESBURY en Eduard Loubser van Philadelphia is 2019 se opbrengswenners in die Proteïennavorsingstigting (PNS) se kanola-kompetisie vir die Swartland. Weens omstandighede buite die PNS se beheer is die opbrengskompetisie vir die Suid-Kaap gekanselleer.

Dirk Lesch van Elim-boerdery, Malmesbury, het op aanplantings kleiner as 150 ha 'n opbrengs van 2,5 ton/ha behaal. Op 'n groter aanplanting van meer as 150 ha het Eduard Loubser van PE Loubser-boerdery, Philadelphia, 2,23 ton/ha behaal.

By die toekenningsgeleentheid was: Dirk Lesch (tweede van links) en Eduard Loubser (tweede van regs) saam Izane Leygonie-Crous van SOILL, Chris Cumming (PNS konsultant) en Andries Theron (Graan SA / PNS). Foto – PNS. 📷


Prestasie koringsaad

deur beproefde genetika

www.sensako.co.za

Sensako staan sedert 1958 aan die voerpunt van koringverbouing in Suid-Afrika. Ons koringkultivars is konsekwent die top-presteerders en word deur besproeiingskoringproduseerders gereken as die beste.

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690, Napier +27 (0) 28 423 3313,
Langebaan +27 (22) 772 1611, customer care@sensako.co.za



SENSAKO
Prestasie Saad • Beproefde Genetika

National cultivar evaluation meeting

Annelie Barnard
ARC-SMALL GRAIN

THE PAST SEASON WAS probably one of the most difficult wheat seasons experienced by modern-day wheat producers. Looking at **Figure 1** compiled by Willem Kilian from ARC-Small Grain in Bethlehem, it becomes clear why wheat producers in the Eastern Free State achieved such low yields. The rainfall that was supposed to occur in the critical period of wheat's development was so low that it can be excluded – in total only 3 mm.

The Eastern Free State has been regarded as the “bread basket” of South Africa, but very little wheat is produced here today, although there are excellent cultivars to choose from. The Western Cape contributed 42% to the total South African wheat production in 2019, while wheat production in the irrigation areas constitutes the other major portion of 54%. A very small percentage of the total production is contributed by wheat under dry land conditions in the summer rainfall area.

With wheat production in South Africa currently in dire straits, ARC-Small Grain's National Cultivar Evaluation Programme (NCEP) is still one of the most important programmes in the wheat industry. With this programme, where all available commercial wheat cultivars of all the seed companies are evaluated in an objective and scientific way for adaptability, yield and quality, ARC-Small Grain does all the research for producers. The cultivars are planted in the same trial so that



Some of the industry representatives who attended the National Cultivar Evaluation meeting in Bethlehem were:

In front: Richard Taylor (ARC-Small Grain), Hellen Mopeli (ARC-Small Grain), Dr Nthabiseng Motete (ARC-Central Office), Cornel Bender (University of the Free State) and Dr Maryke Craven (ARC-Small Grain).

Middle: Eddie Goldshagg (SANSOR), Yolanda Nortjé (SAGL), Dr Willem Boshoff (University of the Free State), Pieter Craven (Sensako), André du Toit (Pannar) and Dr Toi Tsilo (ARC-Small Grain).

Back: Kamohelo Makuoane (ARC-Small Grain), Willem Kilian (ARC-Small Grain), Dr Robbie Lindeque (ARC-Small Grain), Stephan de Groot (Sensako), Dr Tarekegn Terefe (ARC-Small Grain), Kobus van Huyssteen (SANSOR) and Fanie Yssel (K2).

Cultivar evaluation trials in the summer rainfall region in South Africa. Photo: ARC




Figure 1: Bethlehem rainfall June to October (1951 – 2019).

producers can compare them very easily. There are three separate evaluation programmes that evaluate specific cultivars in each of South Africa's three production regions.

It is a daunting task for any producer to make a choice among all the cultivars that are recommended in a region if they do not have information on these cultivars. Fortunately, these results are already being released early in the season through various publications in the media so that producers have all the information at their disposal before they have to make a decision.

Wheat is a very versatile crop with a very wide adaptation. It can be equally successfully grown under dry land conditions, as well as under irrigation. In South Africa, wheat is planted from Limpopo in the far north down to the bottom of the country in the Southern and Western Cape. Therefore, the NCEP is executed nationally in all wheat producing regions. Approximately 82 trials were planted at 68 representative sites in the various wheat producing areas during the 2019 season.

At the end of each season, everyone involved in wheat production in South Africa meets to evaluate and discuss the data from the previous season. The committee met again in Bethlehem on February 5, 2020, to update recommendations for the next season. This group consists of industry experts and representatives from all the seed companies, Grain South Africa, the universities of the Free State and Stellenbosch, SANSOR, SABBI, the various departments of agriculture, and other stakeholders. The purpose of the meeting is to ensure that the trials are scientifically conducted and that the data are presented accurately and objectively.

The results of evaluations in South Africa's growing regions and recommendations are published in this and the following issue of *Wheat Focus / Koringfokus*. 🌾

PLANT DIE UITKLOPHOU TEEN PREDIKANTSLUIS EN WILDEHAWER MET PALLAS™

WILDEHAWER
Avena fatua



HOOIGRAS
Bromus japonicus



**Predi-
kantsluis**
Bromus di



Pallas™ 45 OD

ONKRUIDDODER

 **CortevaZA** op Facebook

 **CortevaAME** op Twitter

 **@Corteva** op Instagram

VIR MEER INLIGTING KONTAK DIE REGISTRASIEHOUER: Dow AgroSciences Suider-Afrika (Edms) Bpk | Reg. No 1967/007147/07 • **Paarl** 021 860 3620
Centurion 012 683 5700 • **Plaaslike noodnommer:** +27 (0)82 895 0621 (Slegs SA) • **24-uur noodnommer:** +32 3 575 5555 • Maxwell Kantoorpark, Magwa-gebou,
Grondvloer, Magwa singel, Waterfall City, Midrand, 1686, Suid-Afrika • corteva.co.za

GEBRUIK ALTYD VOLGENS AANBEVELINGS OP DIE ETIKET • Pallas™ 45 OD bevat pyroxsulam (Skadelik) | Reg. No. L8676 | Wet No. 36 van 1947 • Pallas™ is 'n geregistreerde handelsmerke van Dow AgroSciences LLC

 **Dow AgroSciences**

'n Nuwe na-opkoms onkruidodder vir uitstekende
beheer van predikantsluis, wildehawer en ander
belangrike eenjarige grasse in koring

Word hoofsaaklik deur die blare opgeneem

Uiters geskik vir gebruik in die mees algemene
gewasrotasiestelsels

Mengbaar met verskeie onkruidodders en
insekodders

Solutions for the Growing World

©™Trademark of The Dow Chemical Company ("Dow") or an affiliated company of Dow

NOK se finale produksieskatting

Kleiner oeste van wintergraan en kanola word verwag

SLEGS DRIE “KLEINER” provinsies wat koring produseer kan volgens die Nasionale Oesskatting-komitee se finale produksieskatting en oppervlakte-skatting van 26 Februarie 2020 meer koring in die 2019-produksieseisoen lewer. Die algehele berekening dui op 366 325 ton minder koring as in die vorige seisoen.

Ook moutgars, kanola en hawer se produksie kan in vergelyking met die vorige seisoen afneem in weerwil van groter aanplantings by moutgars en hawer.

Koring (Tabel 1)

Die verwagte nasionale oes is 1,501 miljoen ton teenoor die vorige seisoen se 1,868 miljoen ton. Die berekende opbrengs van 2,78 ton/ha teenoor die vorige seisoen se 3,71 ton/ha weerspieël die swakker landbouoestande.

Die verwagte oes in die Wes-Kaap is 633 750 ton (42% van nasionale oes), in die Vrystaat 313 600 ton (21%) en in die Noord-Kaap 262 500 ton (17%).

Produksiedalings teenoor die vorige seisoen is opmerklik in die Wes-Kaap (256 750 ton minder), die Noord-Kaap (32 000 ton minder) en die Vrystaat (71 400 ton minder).

Geringe toenames in die produksie word wel uit die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal en Mpumalanga verwag. In Noordwes het sowel die oppervlakte as die produksie verminder.

Die beraamde oppervlakte geplant in die Wes-Kaap is 325 000 ha of 60% van die nasionale oppervlakte, die Vrystaat het 128 000 ha of 24% geplant en die Noord-Kaap 37 500 ha of 7%.

Ander gewasse

Die produksieskatting vir moutgars is 345 080 ton, wat 76 420 ton minder is as in die vorige seisoen. Aanplantings het met 12 960 ha toegeneem tot 131 960 ha. Die verwagte opbrengs beloop 2,62 ton/ha teenoor die vorige seisoen se 3,54 ton/ha.


Die verwagte kanola-oes is 96 200 ton, wat 8 300 ton minder as in die vorige seisoen is. Die oppervlakte-skatting is 74 000 ha, met 'n verwagte opbrengs van 1,30 ton/ha. Aanplantings is 3 000 ha minder as in die vorige seisoen.

Hawer (ontbytgraan) se produksie het volgens die NOK heelwat afgeneem. Vanjaar se oes kan 15 540 ton beloop teenoor die vorige seisoen se 32 700 ton. Die oppervlakte het met 1 765 ha toeneem tot 21 000 ha. Die verwagte opbrengs is 0,74 ton/ha.


Plantvoornemens van wintergewasse vir 2020 word

Tabel 1: Koring se oppervlakte- en finale produksieskatting 2019-produksieseisoen. Bron: NOK.

Provinsie	Oppervlakte beplant (Ha) 2019	Oppervlakte beplant (Ha) 2018	Finale skatting (Ton) 2019	Finale oes (Ton) 2018
Wes-Kaap	325 000	318 000	633 750	890 500
Noord-Kaap	37 500	38 000	262 500	294 500
Vrystaat	128 000	100 000	313 600	385 000
Oos-Kaap	3 100	1 650	15 500	10 730
KwaZulu-Natal	7 500	7 000	45 750	43 400
Mpumalanga	4 000	3 500	25 200	22 740
Limpopo	20 000	20 000	118 000	128 000
Gauteng	1 400	1 200	8 400	7 800
Noordwes	13 500	14 000	78 975	85 330
Totaal	540 000	503 350	1 501 675	1 868 000



Figuur 1: RSA koringproduksie 2010-2019. Bron: NOK



Figuur 2: RSA produksie van moutgars 2010-2019. Bron: NOK

29 April 2020 vrygestel. Inligting is beskikbaar by www.sagis.org.za of by [www.daff.gov.za/links/crop estimates](http://www.daff.gov.za/links/crop_estimates).

Berberis – ‘n onbekende faktor in die stryd teen stam- en geelroes van koring in Suid-Afrika

B Visser, WHP Boshoff en ZA Pretorius

DEPARTEMENT PLANTWETENSKAPPE, UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

Die rol van berberis-plant as alternatiewe gasheer vir twee Puccinia-spesies wat koringroes in Suid-Afrika veroorsaak, is onbekend. In dié artikel word die rol van berberis in die lewensiklus van twee koringpatogene beskryf, terwyl graanprodusente versoek word om deel te word van ‘n berberis-moniteringstudie in Suid-Afrika.

STAM- EN GEELROES van koring word onderskeidelik deur die swamme *Puccinia graminis* f. sp. *tritici* (Pgt) en *P. striiformis* f. sp. *tritici* (Pst) veroorsaak. Aangesien beide patogene beduidende verliese in opbrengs tydens epidemies kan veroorsaak, word hulle populasies sedert 1980 jaarliks deur navorsers van die Universiteit van die Vrystaat (UV) in Bloemfontein en die Landbounavorsingsraad-Kleingraan (LNR-KG) in Bethlehem gemonitor.

Nuwe variante of rasse van die roes-swamme word in terme van virulensie teen bestaande weerstandsbronne, asook hulle onderlinge genetiese verwantskappe, beskryf. Sedert 1980 is veertien Pgt-rasse in twee diverse genetiese populasies beskryf, en vier Pst-rasse binne ‘n enkele genetiese populasie.

Beide roes-swamme benodig twee verskillende gashere om hulle volledige lewensiklus te voltooi. Die nie-geslagtelike

fase word op die ekonomies-belangrike gasheer, bv. koring, gars of korog, voltooi. Wanneer ‘n urediniospoor op ‘n blaar val en ontkiem, penetreer die kiembuis die blaar deur ‘n huidmondjie om ‘n nuwe uredinium (roespuisie) te vorm. Nuwe urediniospore wat hieruit vrygestel word, is geneties byna identies aan die ouer, met die enigste moontlike

genetiese variasie afkomstig van spontane mutasies. Hierdie proses is dus effektief klonaal.

Beide roes-swamme gebruik berberis (*Berberis*-spesies) as alternatiewe gasheer om hulle geslagtelike fase te voltooi. Dit is ‘n komplekse proses wat vier verskillende spoorstadia insluit. Die finale stap is die vrystelling van

Help asb die navorsers

Om die moniteringstudie oor berberis-plant uit te brei, nooi navorsers alle graanprodusente om deel te word van die projek. Indien enige van die drie spesies (*Berberis vulgaris* [Figuur 2D], *Berberis darwinii* [Figuur 2E], *Berberis holstii* [Figuur 3]) op ‘n produsent se eiendom voorkom, hetsy in die tuin of langs landerye, neem asseblief foto’s van die hele struik, asook van individuele blaargroepe, en indien teenwoordig, die blomme en vrugte. Stuur asseblief dieselfde inligting indien oranje aesia (Figuur 1) aan die onderkant van blare opgemerk word.

Stuur die foto’s per e-pos saam met die GPS-koördinate aan prof. Botma Visser by visserb@ufs.ac.za. Die navorsers sal die produsent kontak om van die plantmateriaal te versamel vir spesie-identifikasie deur middel van DNS volgorde-bepaling.



Figuur 1: Aesia van *Puccinia graminis* aan die onderkant van *Berberis vulgaris*-blare. A – aesium op ‘n 1931 herbarium-eksemplaar soos oorspronklik in Stellenbosch versamel; B – vars aesium op *Berberis vulgaris* soos waargeneem in Minnesota, VSA. Fotokrediete: A – CM Bender; B – ZA Pretorius.

aesiospore uit aesia op die onderkant van die berberisblaar wat as vroeë inokulum koring of gars infekteer om weer die nie-geslagtelike fase te begin.

Kenmerkend van die geslagtelike fase is die uitruiling van DNS tussen twee individue, met die gevolglike toename in genetiese variasie wat tot nuwe virulensie-kombinasies in die swampopulasie kan lei. Die roesswamme kan egter oorleef in die afwesigheid van die alternatiewe berberis-gasheer. In sulke gevalle oorleef die swam in die ongeslagtelike fase op opslagplante of enige ander vorm van verbouing van hulle kleingraangashere gedurende die somermaande.

Meer as 500 verskillende *Berberis*-spesies is in suidelike Asië en Sentraal/Suid-Amerika bekend, wat as sentrums van genetiese diversiteit beskryf word. Beide roesswamme het vermoedelik eers slegs geslagtelik op vatbare *berberis*-spesies voortgeplant, maar met die ontwikkeling en kultivering van koring

het die patogene na spesies in die grasfamilie beweeg waar hulle slegs ongeslagtelik kan voortplant. Gebiede soos China, Oos-Afrika, Iran en Georgië waar vatbare berberis-spesies en koring saam voorkom, word gekenmerk deur hoë genetiese diversiteit in die roesswampopulasies, wat kan lei tot 'n toename in die voorkoms van meer aggressiewe roessrasse.

Nie alle berberis-spesies is vatbaar vir infeksie deur die roesswamme nie. Vatbare spesies sluit die Europese (*B. vulgaris*) en Amerikaanse berberis (*B. canadensis*) in, asook *B. holstii* wat in Oos-Afrika voorkom, terwyl die gewilde ornamentele Japanese berberis (*B. thunbergii*) weerstandbiedend is. 'n Inter-spesifieke hibried (*B. x ottawensis*) tussen die Europese en Japanese berberis is egter vatbaar vir *Pgt*-infeksie.

Die voorkoms van *Pgt* se geslagtelike fase op *B. vulgaris* in Noord-Amerika het gelei tot 'n grootskaalse veldtog toe meer as 500 miljoen plante tussen 1918

en 1974 vernietig is. Hierdie drastiese stap het 'n groot bydrae tot die beheer van stamroes gelewer.

Hoewel 'n soortgelyke program in Engeland gevolg is, is die Europese berberis in die laaste twintig jaar weer aktief aangeplant om die voortbestaan van die bedreigde "Berberis Carpet moth" te verseker. Die feit dat *Pgt* onlangs vir die eerste keer in sestig jaar weer in Engeland aangeteken is, en dat roesinfeksie op 'n vatbare berberis-plant reg langs 'n garsland gevind is, beklemtoon die belang van volgehoue monitering en bestudering van beide patoëen en berberis.

Slegs drie berberis-spesies kom natuurlik in Afrika voor, naamlik *B. holstii*, *B. hispanica* en *B. vulgaris*. Hoewel geen spesie inheems tot Suider-Afrika is nie, het vroeë Europese setlaars verskeie spesies as ornamentele plante na die land gebring. Tot op hede is elf berberis-spesies, elf kultivars en agt hibriede reeds in Suid-Afrika geplant.

NA BLADSY 11 >>>

« KynoPlus® doeltreffende stikstof »

BEPERK STIKSTOF-
VERVLUGTIGINGS-
VERLIESE

STEUN 'N
SKONER
OMGEWING

ONS WIL
KYNOPPLUS HÊ

ONS WIL
KYNOPPLUS HÊ

VERMINDER
LOGING



Ondersteun jou gewasse,
steun die omgewing!

KynoPlus® is geregistreer as kunsmis groep 1 - K8024 (Wet 36 van 1947)
Farmisco (Edms) Bpk h/a Kynoch Kunsmis Reg no. 2009/0092541/07

KynoPlus® – behandel met **AGROTAIN®** – is geformuleer om vervlugtigingsverliese kenmerkend van ureum, te beperk, asook om potensieële logingsverliese te verminder. Hierdie "N-hanced-N®"-doeltreffende stikstofkunsmis stel jou dus in staat om stikstof toe te dien sonder dat dit 'n bykomende risiko vir die omgewing inhou. Met die gebruik van **KynoPlus®** verbeter jy die doeltreffendheid van stikstof, wat verhoogde gewasgehalte, opbrengs en wins tot gevolg kan hê.

KynoPlus® is ook beskikbaar in 'n volledige reeks **NPKS**-mengsels.

Die krag van **blou** sit die **groen** terug in jou gewasse.



Kynoch

Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.

011 317 2000 | info@kynoch.co.za
www.kynoch.co.za



GEÏNSPIREER DEUR DIE NATUUR, GEDRYF DEUR WETENSKAP

BEKROONDE **KORINGKULTIVARS** VIR ELKE AANWENDING

Pannar bied uitsonderlike koringopsies vir produksie onder droëland en besproeiing. Die gewildheid en uitstekende prestasierekord in die nasionale proewe van die LNR-Kleingraaninstituut, bevestig die uitstekende opbrengspotensiaal en aanpasbaarheid in die verskillende plaaslike produksiestreke.

Berberis – 'n onbekende faktor...

◀◀ VAN BLADSY 9

Berberis kan ook natuurlike gebiede indring wanneer hulle buite hulle natuurlike verspreidingsareas aangeplant word. In Suid-Afrika is twee sulke indringers gevind, naamlik *B. julianae* in die Golden Gate Hoogland- Nasionale Park in die Vrystaat en *B. aristata* in die Woodbush Bosreservaat in Limpopo. Daar is moontlik meer onbeskryfde indringerpopulasies in Suid-Afrika.

Behalwe vir 'n enkele herbarium-eksemplaar wat in 1931 in Stellenbosch versamel is, is die geslagtelike fase van beide patogene nog nooit in Suid-Afrika waargeneem nie. Die eksemplaar word beskryf as *Puccinia graminis* wat *B. vulgaris* geïnfecteer het met sigbare aesia aan die onderkant van die blaar (**Figuur 1a**). Nuutgevormde aesia kom as oranje buisstrukture in letsels aan die onderkant van vatbare berberis-blare voor (**Figuur 1b**).

In 'n deurlopende moniteringstudie is die Japanese (*B. thunbergii*), "Wintergreen" (*B. julianae*), Indiese (*B. aristata*),



Figuur 2: Identifikasie van berberis-spesies in Suid-Afrika. A – *Berberis thunbergii*; B – *Berberis julianae*; C – *Berberis aristata*; D – *Berberis vulgaris*; E – *Berberis darwinii*; F – 'n tipiese drie-stekeldoring. Fotokrediete: C – J-H Keet; A, B, D, F – B Visser; E – PJ du Preez.



Figuur 3: Onderskeidende kenmerke van die Europese berberis (bo), Darwiniese berberis (middel) en *Berberis holstii* (onder) ten opsigte van hulle blare, blomme en vrugte.

Fotokrediete:

Bo (links na regs): ZA Pretorius; Giuseppe Mazza; Giuseppi Mazza (www.monaconatureencyclopedia.com)

Middel (links na regs): PJ du Preez; PJ du Preez; Hedges Direct (www.hedgesdirect.co.uk); Trade Winds Fruit (www.tradewindsfruit.com)

Onder (links na regs): African Plants – A photo guide (www.africanplants.senckenberg.de); Wikipedia (<https://en.wikipedia.org>); African Plants – A photo guide (www.africanplants.senckenberg.de)

Europese (*B. vulgaris*) en Darwiniese (*B. darwinii*) spesies tentatief in Suid-Afrika geïdentifiseer (**Figuur 2**). Daar is vermoedelik verskeie ander wat nog nie versamel is nie. Laasgenoemde drie is vatbaar vir infeksie deur *Puccinia*-spesies.

Tydens besoeke aan koringproduksiegebiede in die Oos-Vrystaat en Wes-Kaap kon slegs die Japanese en "Wintergreen"-spesies in kwekerye en dorps- en privaattuine versamel word. Die Indiese, Europese en Darwiniese spesies is slegs in Tzaneen (veld), Underberg (kwekery) en Hogsback (tuin) gevind.

Berberis-struik word tot 5 m hoog, het kenmerkende geel hout en dorings wat direk onder die blare voorkom en wat op 'n kort stammetjie gedra word

(**Figuur 3**). Die Europese berberis is bladwisselend, het vertakte dorings met drie stekels, sagte getande ovaalvormige blare en geel blomme wat in trosse gedra word, wat uiteindelik in rooi bessies ontwikkel.

Die Darwiniese berberis is immergroen, het vertakte dorings met drie stekels, veelvuldige oranje blomme wat in trosse op rooi steeltjies gedra word en donkerblou vruggies. Elke blaar is dik, gelob met 'n doring op die punt van elke lob met 'n blink donkergroen bokant en dofwit onderkant. *B. holstii* is ook bladhoudend met vertakte dorings met drie stekels, stywe getande blare wat omgekeerd eiervormig is, geel blomme wat in trosse gedra word en donkerpers vruggies. ♡

Belowende oes ly onder droogte en hitte

Vrystaat koringkultivar-evaluasie 2019

Willem Kilian, Dawie du Plessis en Richard Taylor
LNR-KLEINGRAAN, BETHLEHEM

Danksy beskikbare grondwater in planttyd het die Vrystaat se koringaanplantings in 2019 baie belofte getoon en uitbreidings van aanplantings tot gevolg gehad. 'n Uiters droë tydperk in die lente, waartydens die minste reën in 69 jaar gemeet is, en hoër dagtemperature het egter vroeë verwagtings gekelder. Veldproewe vir die Nasionale Kultivar-evaluasieprogram is onder dié toestande benadeel.

DIE 2019-KORINGPRODUKSIESEISOEN in die Vrystaat het danksy beskikbare grondwater tydens planttyd 'n uitstekende afskop gehad. In **Tabel 1** word die totale maandelikse reënval vir Januarie tot Mei 2019 saam met die langtermyn gemiddeld (Bethlehem-weerstasie) vir hierdie maande weergegee.


Verskeie produsente het die geleentheid aangegryp om meer koring te verbou en die totale oppervlakte onder koring in die Vrystaat het van 105 000 ha in 2018 tot 128 000 ha in 2019 toegeneem. Daar kan aanvaar word dat die grootste deel van die toename onder droëlandtoestande was.

Die gunstige toestande het goeie ontkieming en vroeë ontwikkeling verseker en die hoop laat opvlam vir 'n goeie koringseisoen. Die klimaat het egter die laaste sê gehad en 'n uiters droë tydperk het tydens die lentemaande gevolg. In **Figuur 1** word die totale reënval vir die maande Junie tot Oktober van 1951 tot 2019, gemeet by LNR-Kleingraan op Bethlehem, weergegee.

Die enigste reënneerslae gedurende hierdie kritieke tydperk was 'n karige 2 mm en 0,5 mm onderskeidelik op 25 en 26 Oktober 2019 – die minste in die 69 jaar van die weerstasie se bestaan.

Die droogtetoestande het in November voortgeduur, met die eerste beduidende reën wat op 11 November gemeet is (19 mm). Hiermee saam was die maksimum temperature in 2019 vir Augustus, September en Oktober onderskeidelik 4°C, 2°C en 4°C hoër as die langtermyn gemiddeld.

Die ongunstige weerstoestande het hul tol geëis en veral



Figuur 1: Totale reënval vir Junie tot Oktober vir die tydperk 1951 tot 2019. Bron: LNR-Grond, Klimaat en Water-databasis.

in die Oos- en Sentraal-Vrystaat is die laagste opbrengste in dekades gerealiseer. In die Noordwes-Vrystaat, waar die wattertafelgronde later in die seisoen 'n belangrike verskil gemaak het, was opbrengste aansienlik beter.

Nasionale Kultivar-evaluasieprogram

Die swak produksieseisoen word weerspieël in die resultate van die Nasionale Kultivar-evaluasieprogram onder droëlandtoestande in die somerreëngedebied. Geen van die veldproewe in die Sentraal-Vrystaat kon gebruik word nie, terwyl slegs een proefplek (Clarens) in die Oos-Vrystaat in die verslag ingesluit is.

Die data wat gedurende 2019 in die Nasionale Kultivar-evaluasieprogram gegenereer is, is vroeg in 2020 aan die

Tabel 1: Reënval gedurende Januarie tot Mei 2019 vergeleke met langtermynsyfers by die Bethlehem-weerstasie.

Maand	2019-reënval	Langtermyn gemiddeld (1951 - 2019)
Januarie	82	122
Februarie	84	98
Maart	141	81
April	182	49
Mei	14	22
Totaal	503	372

Nasionale Kultivar-evaluasiewerkgroep voorgelê. Tydens die byeenkoms is bevestig dat geen veranderinge aangebring word aan die kultivaraanbevelings vir 2020 nie. Alle resultate en aanbevelings is op die Landbounavorsingsraad se webtuiste beskikbaar (www.arc.agric.za).

Opbrengsresultate vir 2019

In **Tabelle 2 tot 5** word die kultivarprestasie wat oor die afgelope vier jaar in die Oos- en Noordwes-Vrystaat behaal is, weergegee.

LNR-Kleingraan publiseer jaarliks 'n reeks breedvoerige handleidings wat alle produksie-inligting vir die onderskeie

kleingraanproduksiestreke bevat. Hierdie handleidings word teen middel Maart aan produsente beskikbaar gestel. Die amptelike aanbevelings vir kleingraan, en die opsomming van die resultate wat in die 2019-seisoen behaal is, soos goedgekeur deur die Nasionale Kultivar-evaluasiewerkgroep, word hierin vervat.

Produsente wat nie die publikasie ontvang het nie, is welkom om met Willem Kilian by LNR-Kleingraan in verbinding te tree (058 307 3498 / 082 441 2306 of kilianw@arc.agric.za).

Die navorsing is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Landbounavorsingsraad en die Wintergraan-trust. ♣

Tabel 2: Oos-Vrystaat (vroeër aanplantings)

Gemiddelde opbrengs (ton/ha) van 2016 tot 2019.

Kultivar	2019*	R	2018	R	2017	R	2016	R	4-jaargemiddeld 2016-2019	R	3-jaargemiddeld 2017-2019	R	2-jaargemiddeld 2018-2019	R
Elands	0,71	12	1,90	14	2,18	17	2,86	16	1,91	13	1,59	14	1,30	17
Gariëp	0,56	17	1,84	17	2,25	15	2,99	15	1,91	14	1,55	16	1,20	18
Koonap	0,76	10	1,98	9	2,09	19	2,53	21	1,84	16	1,61	12	1,37	15
Kougas	0,77	8	1,86	16	2,19	16	2,82	18	1,91	12	1,61	13	1,32	16
Kubetu	1,05	4	2,17	4	2,88	2					2,03	3	2,52	3
Matlabas	1,06	3	2,39	2	2,45	7	3,67	2	2,39	3	1,97	4	2,42	5
PAN 3111	1,16	2	2,24	3	2,97	1	3,76	1	2,53	1	2,12	2	2,61	1
PAN 3118							3,35	12						
PAN 3120							3,55	7						
PAN 3161	1,24	1	2,57	1	2,63	5	3,43	10	2,47	2	2,14	1	2,60	2
PAN 3195			2,07	6	2,65	4	3,59	5						
PAN 3198					2,55	6	3,23	13						
PAN 3368	0,54	18	1,92	12	2,14	18	2,78	19	1,84	15	1,53	17	2,03	13
PAN 3379							2,85	17						
Senqu	0,98	5	2,03	7	2,28	12	2,66	20	1,99	11	1,76	6	2,15	8
SST 3149	0,68	14	1,79	19	2,28	12	3,44	9	2,05	10	1,58	15	2,03	12
SST 316	0,69	13	1,95	10	2,26	14	3,56	6	2,12	9	1,63	10	2,11	11
SST 317	0,74	11	1,87	15	2,40	9	3,53	8	2,13	7	1,67	8	2,14	9
SST 347	0,82	6	1,95	11	2,40	9	3,38	11	2,14	6	1,72	7	2,17	7
SST 356	0,63	15	1,83	18	2,39	11	3,65	4	2,13	8	1,62	11	2,11	10
SST 387	0,57	16	2,01	8	2,40	8	3,67	3	2,16	5	1,66	9	2,20	6
SST398	0,77	9	1,91	13									1,91	14
Wedzi	0,80	7	2,15	5	2,74	3	3,20	14	2,22	4	1,90	5	2,44	4
Gemiddeld	0,81		2,02		2,43		3,26		2,11		1,75		2,03	
KBV: (0.05)	0,11		0,10		0,11		0,21		0,07		0,07		0,09	

* Slegs Clarens-data.

Tabel 3: Oos-Vrystaat (later aanplantings)

Gemiddelde opbrengs (ton/ha) van 2016 tot 2019.

Kultivar	2019*	R	2018	R	2017	R	2016	R	4-jaargemiddeld 2016-2019	R	3-jaargemiddeld 2017-2019	R	2-jaargemiddeld 2018-2019	R
Elands	0,82	4	2,20	5	2,76	9	4,39	5	2,54	3	1,93	16	1,51	4
Gariëp	0,71	7	2,27	2	2,61	12	4,25	9	2,46	9	1,86	17	1,49	5
Koonap	0,98	2	2,47	1	2,51	14	3,94	16	2,47	6	2,97	8	1,72	2
Kougas	0,56	13	1,87	16	2,19	17	3,94	17	2,14	15	2,66	13	1,21	14
Kubetu	0,79	5	2,19	6	2,60	13					2,39	14	1,49	6
PAN 3111	0,65	9	2,18	7	2,79	7	4,12	11	2,44	10	3,03	4	1,42	11
PAN 3118							3,93	18						
PAN 3161	1,08	1	2,05	12	2,94	2	3,99	14	2,51	4	2,99	7	1,56	3
PAN 3195			1,96	14	2,90	5	4,37	6						
PAN 3198					2,94	3	4,13	10						
PAN 3368	0,65	8	2,21	4	2,74	10	3,73	19	2,33	11	2,90	9	1,43	10
PAN 3379							3,98	15						
Senqu	0,79	6	2,08	10	2,91	4	4,10	12	2,47	7	3,03	5	1,43	9
SST 3149							2,81	20						
SST 316	0,49	16	2,07	11	2,95	1	4,48	4	2,50	5	3,16	3	1,28	12
SST 317	0,62	12	1,81	17	2,14	18	4,49	3	2,26	13	2,81	12	1,21	15
SST 347	0,55	14	1,93	15	2,48	15	4,27	7	2,31	12	2,89	10	1,24	13
SST 356	0,84	3	2,12	9	2,84	6	4,07	13	2,47	8	3,01	6	1,48	7
SST 374	0,62	11	2,27	3	2,62	11	4,81	1	2,58	1	3,23	1	1,44	8
SST 387	0,38	17	2,03	13	2,28	16	4,26	8	2,24	14	2,86	11	1,21	16
SST398	0,54	15	1,79	18									1,17	17
Wedzi	0,62	10	2,18	7	2,79	8	4,67	2	2,57	2	3,21	2	2,49	1
Gemiddeld	0,69		2,09		2,67		4,14		2,42		2,81		1,46	
KBV: (0.05)	0,12		0,12		0,12		0,24		0,08		0,08		0,09	

* Slegs Clarens-data.

Effektiewe onkruidbeheer ... elke keer Roundup® – steeds die effektiëfste oplossing.

Wanneer dit kom by breëspektrum-onkruidbeheer as deel van 'n oesbeskermingsprogram, bly Roundup® se konsekwente kwaliteit steeds onoortreflik. Roundup® is mengbaar met 'n wye reeks ander oesbeskermingsprodukte. Dit is die ideale produk wat bewaringslandbou moontlik maak en hou jou grense, landerye en meerjarige gewasse onkruidvry. So help dit jou gewasse om hul volle potensiaal te bereik.

Roundup®
TURBO
HERBICIDE

- Gebruik dit as 'n voor-plant onkruiddoder vir gemoedsrus.
- Maak bewaringslandbou moontlik.
- Is reënvas binne twee ure na toediening.

Roundup®
PowerMAX
HERBICIDE

- Verseker oesveiligheid.
- In **Roundup Ready®**-gewasse kan dit na opkoms bo-oor die gewas gespuit word of as 'n gerigte bespuiting op bv. mielies, soja en katoen.
- Is reënvas binne een uur na toediening.



- Bevat Transorb™-tegnologie vir vinniger absorpsie en translokasie



- Toedieningsaanpasbaarheid volgens individuele etiketaanbevelings



- Breëspektrum-onkruidbeheer



Vir doeltreffendheid en oesbeskerming, asook die korrekte gebruik van die produkte, lees die produktetikette vir volledige gebruiksaanwysings. Slegs die korrekte en verantwoordelike gebruik van hierdie onkruiddoders sal uitstekende onkruidbeheer verseker wat die groei van jou oes en profyt tot gevolg sal hê.

Roundup® bevat 360 g glifosaat/ℓ. Wees versigtig. Reg.nr. L0407 (Wetnr. 36 van 1947).
Roundup® PowerMAX bevat 540 g glifosaat/ℓ. Wees versigtig. Reg.nr. L7769 (Wetnr. 36 van 1947).
Roundup® TURBO bevat 450 g glifosaat/ℓ. Reg.nr. L7166 (Wetnr. 36 van 1947), is Groep G-onkruiddoders en is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC. Gebruik die onkruiddoder op 'n veilige manier. Bayer (Edms) Bpk, Posbus 143, Isando, 1600.

Belowende oes ly onder droogte en hitte

◀◀ VAN BLADSY 13



Tabel 4: Noordwes-Vrystaat (vroeër aanplantings)

Gemiddelde opbrengs (ton/ha) van 2016 tot 2019.

Kultivar	2019	R	2018	R	2017	R	2016	R	4-jaargemiddeld 2016-2019	R	3-jaargemiddeld 2017-2019	R	2-jaargemiddeld 2018-2019	R
Elands	2,26	8	2,26	18	1,18	14	2,49	10	2,05	11	1,90	13	2,26	12
Gariëp	2,20	9	3,14	9	1,07	17	2,50	9	2,23	8	2,14	9	2,67	8
Koonap	1,61	18	2,56	13	1,05	18	2,01	19	1,80	15	1,74	16	2,08	16
Kougas	1,89	14	3,01	10	1,29	12	2,22	16	2,10	9	2,06	10	2,45	10
Kubetu	2,37	4	3,42	6	2,05	1					2,61	1	2,89	4
Matlabas	2,50	1	3,42	5	1,76	4	3,37	2	2,76	1	2,56	4	2,96	3
PAN 3111	2,26	7	3,67	3	1,89	3	2,78	7	2,65	2	2,61	2	2,96	2
PAN 3118							3,70	1						
PAN 3120							3,11	4						
PAN 3161	2,45	3	3,84	1	1,64	6	2,29	15	2,56	5	2,59	3	3,15	1
PAN 3195			3,67	2	1,37	10	2,04	17						
PAN 3198					1,09	16	2,32	14						
PAN 3368	1,86	15	2,27	17	0,88	19	1,97	20	1,75	16	1,67	17	2,07	17
PAN 3379							1,73	21						
Senqu	2,08	10	2,32	16	1,15	15	2,37	13	1,98	13	1,85	15	2,20	14
SST 3149	1,84	16	2,79	12	1,34	11	2,37	12	2,09	10	1,99	11	2,32	11
SST 316	1,90	12	2,49	15	1,43	7	2,03	18	1,96	14	1,94	12	2,19	15
SST 317	2,27	6	2,97	11	1,40	8	2,81	6	2,36	7	2,21	8	2,62	9
SST 347	2,28	5	3,21	8	1,65	5	3,19	3	2,58	4	2,38	7	2,75	6
SST 356	1,95	11	2,51	14	1,22	13	2,48	11	2,04	12	1,89	14	2,23	13
SST 387	1,90	12	3,57	4	1,99	2	3,07	5	2,63	3	2,48	5	2,73	7
SST398	1,76	17	2,26	19									2,01	18
Wedzi	2,49	2	3,29	7	1,37	9	2,65	8	2,45	6	2,38	6	2,89	5
Gemiddeld KBV: (0.05)	2,10 0,14		2,98 0,16		1,41 0,11		2,55 0,22		2,25 0,08		2,18 0,08		2,52 0,11	

Tabel 5: Noordwes-Vrystaat (later aanplantings)

Gemiddelde opbrengs (ton/ha) van 2016 tot 2019

Kultivar	2019	R	2018	R	2017	R	2016	R	4-jaargemiddeld 2016-2019	R	3-jaargemiddeld 2017-2019	R	2-jaargemiddeld 2018-2019	R
Elands	1,27	12	2,82	12	1,27	19	2,42	8	1,95	10	1,79	15	2,05	10
Gariëp	1,57	4	2,93	8	1,42	14	2,47	5	2,10	4	1,97	7	2,25	6
Koonap	1,45	5	2,93	7	1,28	18	2,08	16	1,93	11	1,89	10	2,19	7
Kougas	1,35	9	2,92	9	1,48	11	2,09	15	1,96	8	1,91	8	2,13	9
Kubetu	1,79	2	2,88	10	1,84	4					2,17	3	2,33	3
Matlabas					1,98	2	2,94	1						
PAN 3111	1,67	3	4,03	1	2,15	1	2,36	10	2,55	1	2,62	1	2,85	1
PAN 3118							2,94	1						
PAN 3161	2,02	1	3,64	2	1,94	3	2,30	11	2,48	2	2,54	2	2,83	2
PAN 3195			3,48	3	1,56	8	2,44	6						
PAN 3198					1,55	9	2,09	14						
PAN 3368	1,40	6	2,57	18	1,32	17	1,84	20	1,78	15	1,76	16	1,98	16
PAN 3379							1,96	18						
Senqu	1,28	11	2,79	14	1,38	15	2,49	4	1,99	7	1,82	13	2,04	12
SST 3149							1,71	21						
SST 316	1,38	7	2,71	16	1,59	7	2,02	17	1,93	13	1,89	9	2,04	11
SST 317	1,26	13	3,06	6	1,63	6	2,16	13	2,03	6	1,98	6	2,16	8
SST 347	1,23	16	2,80	13	1,36	16	2,42	7	1,95	9	1,80	14	2,01	14
SST 356	1,23	15	2,75	15	1,49	10	1,92	19	1,85	14	1,82	12	1,99	15
SST 374	1,23	14	2,83	11	1,45	13	2,19	12	1,93	12	1,84	11	2,03	13
SST 387	1,35	8	3,25	4	1,78	5	2,68	3	2,27	3	2,13	4	2,30	4
SST398	1,17	17	2,64	17									1,90	17
Wedzi	1,31	10	3,22	5	1,45	12	2,39	9	2,09	5	1,99	5	2,26	5
Gemiddeld KBV: (0.05)	1,41 0,08		3,01 0,19		1,58 0,15		2,28 0,17		2,05 0,07		1,99 0,08		2,20 0,09	

'n Wenresep vir kanola sukses...

ALPHA TT

- Tipe: TT-baster
- Groeiseisoenlengte: Medium - vroeg
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstam weerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Uitstekend

AGAMAX

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Kort - Medium
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Matig
- Swartstam weerstand: Goed
- Weerstand teen omval: Baie goed

TANGO

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Kort
- Opbrengspotensiaal: Hoog (vaar goed in laer reënval areas)
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstam weerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Baie goed

DIAMOND

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Kort - Medium
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstam weerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Baie goed

QUARTZ NUUT!

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Medium
- Opbrengspotensiaal: Uitstekend
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstam weerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Uitstekend



Takke:
Brackenfell: 021 981 1126
Cradock: 087 365 0010

George: 087 354 1028
Howick: 033 330 2765
Kimberley: 053 841 0675

Piketberg: 087 365 3025
Port Elizabeth: 041 373 9894
Potchefstroom: 018 294 7470

Pretoria: 012 803 6033
Swellendam: 087 359 3236
www.agricol.co.za

Foto: SOILL.

Kanola presteer in droë seisoen

Jan Botes

AGRICOL KANOLA-GEWASBESTUURDER

DIE AFGELOPE 2019-KANOLASEISOEN is gekenmerk deur ondergemiddelde reënval van Augustus af tot September in die Swartland, Overberg en Suid-Kaap. Hoewel die reënval gedurende Oktober in die Swartland bogemiddeld was, was dit reeds te laat om 'n betekenisvolle verhoging tot kanola-opbrengste te kon lewer. Ten spyte van uiterste klimaatstoestande in die afgelope seisoen, het kanola steeds redelike goeie opbrengste gerealiseer – wat die gewas se aanpasbaarheid onder moeilike toestande beklemtoon.

Die afgelope seisoen se nasionale kultivarproewe met kanola het bewys dat Agricol se kanola-reeks onder strawwe produksietoestande goed presteer. Hoewel die Swartland se proewe blootgestel was aan ondergemiddelde vogtoestande en hoë temperature tydens die blom- en saadvulfase, het die konvensionele kultivars Diamond en Quartz die hoogste opbrengste in hierdie proewe gelever met opbrengste van onderskeidelik 1 775 kg/ha en 1 765 kg/ha. Van die TT-kultivars het Alpha TT die beste presteer met 1 449 kg/ha.

Die Rûens se nasionale kultivarproewe het effens beter toestande ondervind. In die konvensionele kategorie het die kultivar Quartz (2 231 kg/ha) as die wenner uit hierdie proewe getree, met Diamond (1 979 kg/ha) in die tweede plek. Van die TT-kultivars het Alpha TT weer eens die hoogste opbrengs gelever met 1 829 kg/ha.

Ten spyte van die moeilike produksietoestande het Agricol se kanola-kultivarpakket weer welslae behaal, soos die volgende produsente kan getuig.

Malmesbury

